

EERSTE GELUI

van die

KERKKLOK

Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels

1970 – 2020


1 Maart 2020



**Kerksaal, Eerstelaan 38
om 08:30.**

Ds. Jannie Hougaard is die liturg. Hy lees uit Psalm 23.

**Tema
Lydenstyd as leidingstyd.**



**Kerk, Vierdelaan 67 om
09:30.**

Dr. Chris Malan is die liturg. Hy lees uit 2 Petrus 1: 16-21

**Tema
Jesus Christus in goddelike
skoonheid.**



**Gemeentesentrum, Disaweg
Bettysbaai om 09:00:**

Ds. Daan Botha is die prediker.
Hy lees uit Markus 1: 1-15

**Tema
Lydenstyd is tyd vir God om
te handel**



DEURKOLLEKTE SONDAG:

BADISA

Volgende week: Gemeentebediening

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Ons dink veral aan Douglas Veldtmann van KB3 (082 824 0765),
Jacques Coetzee van PB2 (0282738924),
Aletta Gildenhuis van Ba3 (0725769909),
Nols Neethling: Bb4 (0845807942),
Francois Kloppers: Bb4 (0832615968),
Suretta en Jannie Luttig: Ba1 (0726068525)

Dan het ons met leedwese verneem dat tannie Classina Rossouw,
wat voorheen hier gewoon het, in Serenitas oorlede is.

DIE WEEK SE PROGRAM

| | |
|-----------|--|
| Maandag | 17:30 Hangklip hou basaarvergadering |
| Dinsdag | 16:30 Gebedsbediening in konsistorie 18:00 Bid vir sendelinge 18:00 Narratiewe Terapie |
| Woensdag | 08:30 Dagbestuur vergader 15:00 Kleinmond se basaarkomitee |
| Donderdag | 15:00 Senior Burgers 16:00 Kooroefening |
| Vrydag | 16:00 Biddag vir Vroue |
| Saterdag | 08:00 Biddag vir Mans |

**KLEINMONDERS, onthou jou basaarlys
moet 3 Maart by jou dienswerker wees**

VROLIKE VERJAARDAG!

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Mag die jaar wat voorlê 'n jaar van vreugde en vrede in die Kleinmond-gesin van ons Hemelse Vader wees.

1 Maart

ADRIËTTE COETZEE (0766733757) - Bb2
BABS THIART (0747404682) – PB3
FRITZ VAN EEDEN (0282713976) - Sa3

2 Maart

ELLA LOOTS (0726044657) – PB3
RIENIE MÖLLER (0824436349) – HK2
CHENÉ VAN DER MERWE (0282714603) – PM5

3 Maart

MELANY BESTER (0825511702) – HK1
ERIC BESTER (0282713312) - Sb1
ANNELIESE BUYS (0731613638) – KB2
LOUNA CONRADIE (0832365646) - Sa4
GIELIE DU TOIT (0733020101) – HK1
CHARMAINE ERASMUS – PM1
(FRANS HUGO (0822931733) - Ba2
OTTO KLUYTS (0825761209) - Sa2
(MARINDA MEYER (0828870094) – PM4
(HANNETJIE TROLLIP (0836094735) - Sb2
SARYNA VAN AS (0833060600) - Sb3
LENIE VAN WYK (0282713002) – HK1

4 Maart

SUSAN CLASSEN (0722771400) - Ba1
BEN DE WET (0834505212) – PB3
MICHELLE LE ROUX (0282713016) – PM5
CHRISTELLE MOSTERT (0282713655) - Sb2
FRANCOIS OLIVIER (0825956722) – BB1

5 Maart

LOMIEN DE WIT (0722105775) – PM1
CORNELIUS HUMAN - Sc4
SUSAN LE ROUX (0282713983) - Sb1
DON SCHIETEKAT (0733254354) – BB2
TIENIE SYMINGTON (0834502947) – KB5

6 Maart

MARILIZE BOSMAN (0721973034) - Sa3
DINA BOTHA (0282729046) – BB1
(RYAN CONRADIE (0282715706) - Ba2
KAYLIN LABUSCHAGNE - Sb3
(BEN RAUTENBACH (0834684141) – HK3
(CHARLOTTE SAAYMAN - Sc1
ANITA VAN JAARVELD (0846032799) – PB2

7 Maart

SAKKIE NEL (0842088492) - Sa1
NAAS PIETERS (0833040670) - KB
MARTIN SNYMAN (0832898362) - KP



GEBEDFOKUS

Dankie Heer dat ons weer in die lydenstyd herinner word aan U onmeetlike liefde en Goddelike krag wat sterker as die dood is. Breek die krag van selfsug en oorspoel ons met U liefde om ander se nood raak te sien, hulle te help en om vir hulle te bid. In die lydenstyd wil ons ons hertoewy en U Koningsheerskappy sigbaar maak.

Bid vir ons skole, kleuterskole, ouers, kindersorg en die maatskaplike werkers by kindersorg.

Ons bid vir die beskerming van kinders wat aan mishandeling en misdade blootgestel is.

Ons dank die Heer vir ons kantoorpersoneel, klankmanne en kosters wat hulle werk met oorgawe doen. Bid vir hulle.

Gebed sonder lof is soos 'n roos sonder geur.

Chrystomus

WÊRELDBIDDAG VIR VROU

Soos gebruiklik is die wêreldbiddag vir vroue op Vrydag 6 Maart OM 16:00 by die VGK gehou. Ons moedig almal aan om dit by te woon. Die tema hierdie jaar is: **NEEM JOU MAT OP EN LOOP.**

...EN MANS

En hierdie jaar is daar ook 'n manne-byeenkoms op Saterdag 7 Maart. Dit word in die kerksaal gehou om 08:00 met dieselfde tema. Na die biduur is koffie beskikbaar.

VROUE-BYBELSTUDIE

| Dinsdag | | |
|---------|-------|-------------------------------------|
| KB 1-5 | 15:00 | H van Staden, Geelhoutlaan 2 |
| Sb4 | 09:30 | Merien Ackerman, Eerstelaan 49 |
| Sa3 | 15:00 | Gerda van der Merwe, Negendelstraat |
| PM1 | 15:00 | Tilla Mouton, Piet le Rouxstraat 10 |
| PM3 | 15:00 | Vergader saam met PM1 |
| Sa4 | 15:00 | Anna van Zyl, Vyfdelaamn 128 |
| Bb 1-4 | 15:00 | Constantia Cilliers, Negendelaan 96 |
| HK3 | 15:00 | Geen |

| Woensdag | | |
|----------|-------|--------------------------------|
| KP | 09:30 | Kogelparksaal |
| HK1+2 | 09:30 | Marthie Barnard, Nerinalaan 13 |
| Ba 1-3 | 10:00 | Cecile Coetzee, Jasmyn 2 |
| Sa1+2 | 10:00 | Hettie Rust, Tweedelaan 171 |
| Sb1-3 | 15:00 | Anette Bester, Vierdelaan 95 |
| Sc1-4 | 10:00 | Judith Laubscher, Vyfdelaan 41 |
| PM2,4,5 | 15:00 | |

JAPAN-SENDING

Ons nooi alle lidmate vriendelik uit om na die getuienis van Dawid en Sue Verwey van Japansending te kom luister. Dit vind plaas op Dinsdag 3 Maart om 10:30 in die Lakeside Chapel in Bettysbaai.

SPAR-KAARTE

Diensterkers moet daarop let dat daar 'n nuwe aansoekvorm vir 2020 is en dat die oues nie meer geldig is nie. Die nuwe vorm is by die kerkkantoor of Sondag by die bedieningsluik beskikbaar.



ONS GROET WILLIE VAN DER MERWE

Na meer as 7 jaar as koster van die Hangklip-sentrum het Willie amptelik op 29 Februarie afgetree. Baie dankie Willie vir al die werk, die bereidheid om altyd 'n tweede myl te loop. Ons het lekker saam met jou gewerk en ons gaan jou lag mis. Mooi wense vir jou pad vorentoe.

Baie welkom aan Careen van der Westhuizen wat op 1 Maart amptelik begin werk as koster in die Hangklip-streek.



KLEINMOND HOU BASAAR

**Oor minder as 'n maand hou ons heerlik
basaar.**

Groot Nuus

**Hierdie jaar, in ons feesjaar, hou ons weer
soos van ouds basaar by die kerksaal met
kazebo's en 'n regte kermis-atmosfeer.**

**Skryf 28 Maart êrens neer, nooi familie en
vriende vir die naweek en begin solank inlê
en kook en bottel! (Bottels by die
kerkkantoor beskikbaar)**

**Boeke en wit olifante kan nou reeds
kerkkantoor toe kom.**

Palmiet-woekerpoging: 18 April 2020

Op Saterdag 18 April is daar 'n Pretloop vir oud en jonk (maar nie vir troeteldiere nie!). Klem op genot – geen wenners nie.

Vier kilometer se gemaklike stap (of 1 kilometer vir die minder waagmoediges)

Benodig: hoed, water, baadjie en gemaklike, stewige skoene.
Verversings by die eindpunt.

Kaartjies is R40 en is beskikbaar by Palmiet se dienswerkers en die kerkkantoor.

Vertrek 08:00 vanaf die kerk met minimum voertuie en kry Hangklip-lidmate by Bass Lake in Bettysbaai. Ons begin 08:30 stap.

Kom loop weg met 'n medalje.



LEER KEN WESSEL EN LOMÉ CRONJÉ



Wessel en Lomé Cronjé het beide as studente hul roeping ontvang en gebid oor die land of area waarheen hulle geroep is. Hulle is in 1998 getroud en het begin met die bediening onder Moslems in die Paarl/Wellington area saam met SIM (Serving in Mission) vir 8 jaar. Gedurende hierdie tyd is Dawid (18) en Hesmé (17) gebore. Gedurende 2007 is hulle beroep na die Indiër gemeente, die Reformed Church in Africa Emmanuel in Sydenham, Durban, waar hulle steeds bedien. Die gemeente bestaan uit ongeveer 85 belydende- en dooplidmate, waarvan die meeste verwant is aan Hindoe en/of Moslem familieledede. En sowat 'n derde van die gemeentelede kom uit hierdie agtergronde. Verskeie van hul familieledede word bereik deur begrafnisse/troues en ander familiefunksies wat 'n baie groot deel van die gasvrye Indië kultuur uitmaak. Weeklikse uitreike na MCords Hospitaal se pasiënte vind plaas in samewerking met 'n paar getroue medewerkers uit

die gemeente. Twee jaarlikse vakansieprojekte word gefasiliteer waartydens tussen 100-120 kinders en 30-40 leiers uit die gemeenskap bereik word. Tydens hierdie geleentheid word verskeie Bybelse waarhede en lewensvaardighede vir die kinders geleer en die leierskapvaardighede en waardestelsel van leiers versterk. Verskeie kinders aanvaar tydens hierdie geleentheid ons Here Jesus as Verlosser en Saligmaker. Van hierdie veral Zulu sprekende kinders skakel in by dié Sondagskool en Jeug van die gemeente. Meer onlangs het die gemeente ook betrokke geraak by 'n tehuis vir bejaardes, deur middagetes voor te berei.

'n Groot deel van natuurlike getuienislewering en uitreik vind plaas deur te leef en woon binne die gemeenskap. Die toerusting en ondersteuning van plaaslike gelowiges is die manier waarop meer ongelowiges bereik kan word. Ten spyte van baie fisiese uitdagings met Hesmé se gesondheid, skep hierdie uitdagings 'n ander tipe bediening van hoop en begrip vir mense wat swaarkry en by hospitale en dokters ontmoet word.

Wessel is baie betrokke in leierskap binne die RCA Kerkgroep en is tans die Assessor van die Reformed Church in Africa

(RCA) kerk . Hy is ook konsulent/ hulp-predikant by RCA Shalom en Pietermaritzburg gemeentes en is nou betrokke by skakeling met die VGK, NGK en ERKSA.

Lomé sien steeds kinders vir speltherapie en bied ouerleiding groepe en individuele sessies aan. Sy help ook met admin in die kerk en die klippebesigheid behalwe die ander gemeente- aktiwiteite.



Leraars:

Ds. Steven Sass 072 352 8347

sasssteven@hotmail.com

Dr. Chris Malan 072 198 7279

drchrismalan@outlook.com

Kerkkantoor:

Nienie Burger: 0282713470 nelineburger@gmail.com

Elizna Hogan: 0282713268 eliznahogan@gmail.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

Facebook: NGK Kleinmond.

Om direk met die kerkraad te kommunikeer:

ngkkleinmond@gmail.com

Gemeente se bankbesonderhede:

ABSA

Rekeningnaam: NG Kerk Kleinmond

Takkode: 334-812

Rekeningnommer: 322-015-0320